

# MALAN VONK

Amptelike E-Nuusbrief

Official E-Newsletter

Malan-Familiebond van SA Malan / Family Association of SA

Summervale Leefstyoord, Lemoenboomweg, Huis14, Gordonsbaai, 7140

(Sel): 081 779 2179; (e-pos): [d.s.malan81@gmail.com](mailto:d.s.malan81@gmail.com)



**SPESIALE DNS UITGAWE AUGUSTUS 2022**

**SPECIAL DNA EDITION AUGUST 2022**

**(Opgedateer 16 Oktober 2024 – Updated 16 October 2024)**

## Inhoud / Contents:

1. Redakteur
2. Malan DNS Voetspoor
3. Malan DNA Footprint
4. Malan DNS Navorsing. Hoe Evan sy Malan Biologiese Vader opgespoor het.
5. Malan Genetic Family Tree / Malan Genetiese Familie Stamboom

## **1. REDAKTEUR**

Die afgelope paar jaar het Evan Franklin na hy in 2005 afgetree het voluit sy familie stamboom nagevors en bevestig met DNS. Nadat hy sy biologiese familie uitgelê het besluit hy om met die DNS inligting ingewin die Suid-Afrikaanse Malan Stamboom volledig geneties uit te lê en op die Manlike Stamboom van die Mensdom te plaas.

Aangespoor deur die Malan saamtrek in Piedmont Italië in 2000, gelei deur oorlede Hercules Malan, het Evan begin om van die Malans wat woonagtig is in England, Italië, VSA en Uruguay te kontak om sodoende die wêreld Malan Genetiese profiel op te stel.

You are invited to follow Evan Franklin's search to locate his biological Malan father. As if this was not challenging enough he then decided to expand his genetic research to the full South African Malan Family tree. This culminated in placing the South African Malans on the Paternal Tree of Mankind which currently consists of 8 branches.

Taking up the Malan Gathering in Piedmont Italy in 2000 led by the late Hercules Malan, Evan then genetically connected Malans from around the world to the Malans from Merindol, France and the Malans from Angrogna, Piedmont, Italy.

Terwyl DNS redelik tegnies is, wil hy graag in hierdie spesiale DNS uitgawe sy navorsings ervaring met julle deel.

Die Malan-Familiebond en alle Malans wêreldwyd is groot dank verskuldig vir die uitgebreide DNS-navorsing wat Evan hier saamgevat het. Enige bydrae om nog 2 of 3 SA Malan toetse moontlik te maak kan op die skakel ingaan. **“Donate”** <https://www.familytreedna.com/groups/malan/activity-feed>

Geniet die artikels en kontak hom direk as julle verdere inligting wil bekom.

Dennis Malan, Voorsitter, Malan-Familiebond.

## 2: MALAN FAMILIE GENETIESE VOETSPOOR

### A: SUID-AFRIKAANSE MALANS

Die Suid-Afrikaanse Malan Stamvader, Jacques Malan, was gebore in St Martin-de-la Brasque, Luberon, Frankryk in 1670 en is oorlede in die Kaap, Suid Afrika in 1742. Jacques het in Suid Afrika aangekom met 'n groep Franse Hugenote op 4 Augustus 1688 as 'n 18-jarige op die boot *China* van Nederland nadat hulle in 1687/8 uit Frankryk moes vlug weens die opheffing van die Edik van Nantes (Okt 1685) deur Louis X1.

Alle Suid-Afrikaanse Malans is die nasate van Jacques Malan en terwyl ons bewys het dat Jacques se ouers Jacques Malan 1637-1697 en Marie Rouet 1647-1701 geboer het op La Belle Etoile naby Saint-Martin-de-la Brasque, Luberon, Frankryk en dat hy ook 3 broers nl. Daniel, Jean en Paul gehad het, kan ons tans nog nie die papier stamboom uitbrei na sy grootouers nie.

Deur gebruik te maak van “next generation sequencing tools” en die toets van 19 Suid-Afrikaanse Malans met Family Tree DNA BigY700 toets kon ons Jacques Malan se genetiese familie lyn plaas op die “Paternal Tree of Humankind”.

Vaders dra hulle Y Chromosome oor na hulle seuns en die SNP mutasies kom voor van tyd tot tyd wanneer daar bv. op 'n spesifieke posisie op die Y chromosome 'n nukleotied “G” muteer na 'n “T”. Die A,T,C en G nukleotied mutasies maak dit dan moontlik om enige manlike unieke SNP lyn terug te neem na die figuurlike Genetiese Adam.

Die Genetiese SNP lyn vir die Suid-Afrikaanse Malans is:

R-M343, M269, L151, P312, ZZ11 en vertak na hulle eie SNP lyn U152, Z56, BY3548, Z43.

### B: MALANS VAN PIEDMONT, ITALIË en MERINDOL, FRANKRYK.

Ons het ook die Genetiese SNP lyn voltooi vir 2 Malans woonagtig in England wie se voorouers gevlug het van Merindol, Frankryk in 1687 asook 2 VSA en 2 Uruguay Malans wie se voorsate vertrek het van Angrogna, Piedmont, Italië ongeveer 1850 weens swak ekonomiese omstandighede wat daardie tyd in Europa geheers het.

The Genetiese SNP lyn vir dié Malan familie groep is:

R-M343, M269, L151, P312, ZZ11 en vertak na DF27, Z195, Z274, Z209, FGC83504 en ZZ40.

### OPSOMMING:

Die lesers kan die 2 Malan SNP lyne volg op die R1b (M343) *Descendant Tree* op bladsy 6. Dit sal handig wees as bladsy 6 uitgedruk word om as verwysings raamwerk te gebruik.

Die Suid-Afrikaanse Malan Familie SNP lyn U152 en die Piedmont/Merindol Familie SNP lyn DF27 vertak van die ouer SNP ZZ11 ongeveer 2 600VC en die feit dat die twee SNP lyne dieselfde van nl. Malan het, is bloot toevallig want familie vanne het eers verskyn tussen 1,100NC en 1,300NC.

Die aanname dat die Suid-Afrikaanse Malan familie hulle oorsprong het van Merindol, Frankryk of Angrogna, Piedmont, Italië is ook nie korrek nie want daar is geen skriftelike bewyse nie en genetiese toetse is ook negatief.

Ons navorsing poog nou om dringend die Suid-Afrikaanse Malan voorsate op te spoor.

Kontak my asseblief op [evanfranklinsa@gmail.com](mailto:evanfranklinsa@gmail.com) as julle enige vrae het of enige kommentaar wil lewer. Hiermee bedank ek graag Die Malan Bond Bestuur, Malan deelnemers en genetiese deskundiges vir hulle bydrae.

Evan Franklin, Wellington, Kaap 10 Augustus 2022

### **3: MALAN FAMILIES GENETIC FOOTPRINTS**

#### **A: SOUTH AFRICAN MALANS**

The South African Malan Progenitor (Stamvader) Jacques Malan was born at St Martin-de-la Brasque, Luberon, France in 1670 and died in the Cape, South Africa in 1742. Jacques arrived in South Africa with a group of French Huguenots on 4 August 1688 as an 18 year old on the boat *China* from the Netherlands having fled France in 1687/8 following the revocation of the Edict of Nantes in October 1685 by Louis X1.

All South African Malans are descendants of Jacques Malan and while we know that Jacques' parents Jacques Malan 1637-1697 and Marie Rouet 1647-1701 farmed at La Belle Etoile near Saint-Martin-de-la Brasque, Luberon, France and that he had 3 brothers Daniel, Jean and Paul, we have not been able to extend the paper trail to his grandparents.

Using next generation sequencing tools and testing 19 South African Malans with a Family Tree DNA BigY700 test kit, we can plot Jacques Malan's genetic family line on the Paternal Tree of Humankind.

Fathers pass their Y Chromosome to their sons and SNP mutations occur from time to time where, for example, at a specific location on the paternal Y chromosome a nucleotide "G" mutates to "T". The A,T,C and G nucleotide mutations enable us to plot any male's unique SNP path back to the figurative Genetic Adam.

The SNP path for the South African Malans is:

R-M343, M269, L151, P312, ZZ11 and splits into its own SNP path U152, Z56, BY3548, Z43.

#### **B: MALANS FROM PIEDMONT, ITALY and MERINDOL, FRANCE.**

We have also plotted the Genetic SNP Path of 2 Malans residing in the UK, having fled from Merindol, France in 1687, as well as 2 USA and 2 Uruguay Malans whose ancestors left Angrogna, Piedmont, Italy around 1850 because of poor economic conditions in Europe at that time.

The Genetic SNP Path for this Malan family group is:

R-M343, M269, L151, P312, ZZ11 and branches to DF27, Z195, Z274, Z209, FGC83504 and ZZ40.

#### **CONCLUSION:**

The readers can follow the above 2 Malan SNP paths on the R1b (M343) Descendant Tree on page 6. It is useful to print page 6 to use as a reference guide.

The South African Malan Clan SNP path U152 and the Piedmont/Merindol Family Clans SNP path DF27 branched off the parent SNP ZZ11 around 2 600BC and, therefore, the fact that the two SNP paths bear the same surname namely Malan is just a coincidence as family surnames were only introduced between 1,100AD and 1,300AD.

The perception that the South African Malan family originates from Merindol, France or Angrogna, Piedmont, Italy is also incorrect as no paper trails exist and genetic tests prove negative.

Our research to complete the paper trail for the South African Malan ancestors continues in earnest.

Please feel free to contact me at [evanfranklinsa@gmail.com](mailto:evanfranklinsa@gmail.com) with any comments or questions.

I hereby thank the Malan Bond Management, Malan participants and genetic experts for their support.

Evan Franklin, Wellington, Cape 10 August 2022

## 4: MALAN DNS NAVORSING

Deur Evan Franklin

Graag deel ek met julle my verkorte Franklin/Malan DNS navorsing notas van die afgelope paar jaar.

### Franklin Stamboom

In Oktober 2005 het ek by die Reserwe Bank afgetree na 41 jaar diens. As 'n pensionaris het ek genealogie as 'n stokperdjie opgeneem en ook sodoende besluit om my FRANKLIN Stamboom na te vors.

Vyf jaar later het ek vier verskillende navorsings van Franklin Stambome in my Legacy Genealogie Rekenaar Program opgeneem. Al vier kom van die Cotswolds omgewing in Engeland. Die probleem was dat die vier families al terug verwerk is na die 1700's maar ons kon nog steeds nie 'n gemeenskaplike voorouer vir hulle vind nie!

Die DNS roete was nou die enigste wyse om vas te stel of hulle wel 'n gemeenskaplike voorouer gehad het. Eerstens moes ek reël dat 'n manlike persoon uit elke been 'n Y-DNS 37 merker toets aflê by Family Tree DNA in Houston, Texas, VSA.

Vaders dra hulle Y-DNS oor na hulle seuns en dus behoort elke man wat getoets word dieselfde Y-DNS profiel te hê as dié van die gemeenskaplike manlike voorouer. (Van pa na pa na pa na pa tot uiteindelik terugwerkend by die stamvader.) Daar kom wel van tyd tot tyd 'n mutasie (kopieëringsfout) voor wat daardie betrokke been van die stamboom dan onderskei van die ander bene in die stamboom.

In die Franklin geval, met Y-DNS 37 merkers, het al vier die mans wat getoets was dieselfde DNS profiel gehad met net een mutasie tussen hulle sedert die 1700's. Hiervandaan moet daar nou verder gesoek word in geskrifte in die argiewe in England om terugwerkend vanaf 1700nC die vier takke verder uit te rafel totdat daar by die gemeenskaplike voorouer uitgekóm word wat die 4 takke verbind.

### Malan Stamboom:

Groot was my ontnugtering toe my eie Y-DNS 37 merker toets uitslae egter aandui dat ek nie met die FRANKLIN familie ooreenstem nie, maar wel met die MALAN familie! 'n Verdere mitokondriale mtDNA toets bekragtig dat ek en my jonger broer dieselfde moeder het, maar wel verskillende vaders.

Waar begin ek nou soek tussen 13 000 Malans vir my biologiese pa? Al leidraad wat ek gehad het was 2 Y-DNA mutasies. Ek het my ma se 95-jarige skoonsuster, haar enigste oorlewende familielid, gekontak en haar konfronteer met my bevindinge. Sy het my meegedeel dat my ma haar in vertrouwe geneem het aangaande haar swangerskap maar nooit laat blyk het wie die vader was nie. Al leidrade wat sy my kon gee was 'n moontlik dokter, 'n WWII soldaat en/of dalk 'n hoërskool Malan kys van my ma. My ma is met haar geheim graf toe....

Om verder DNS navorsing te doen moes ek natuurlik openhartig wees met die betrokke persone by wie ek toetse wou aanvra. Meeste persone was tegemoetkomend en bereidwillig en daarvoor is ek hulle ewig dankbaar.

Eerstens het ek die bene van die Malan stamboom deeglik ontleed en selektiewe Y-DNS 37 merker toetse gedoen en later van hulle opgradeer na 111 merkers om van die Malan Stamboom

bene te probeer uitskakel. Ek en my 4 seuns het 3 mutasies gehad wat slegs in een been van die Malan Stamboom voorgekom het. Dus kon die ander bene nou uitgeskakel word, maar daar bly toe steeds ongeveer 2900 Malans versprei oor die hele Suid Afrika en dalk ook selfs in die buiteland wat by my kon pas. Ek en my 4 seuns het nog 'n verdere twee mutasies gehad wat ons van ons biologies manlike Malan voorouers moes gekry het. Die betrokke twee mutasies het toe nog nie voorgekom in enige van die toetse wat reeds gedoen was nie.

My wens was om voor my 70ste verjaardag die raaisel op te los, maar daardie 5 jaar het gekom en gegaan sonder sukses. Alle Malan dokters en ook die hoërskool Malan vriend was nou ook al uitgeskakel.

Een belangrike genealogiese navorsing les wat ek geleer het is om nooit familie name te onderskat nie. My eerste en derde voornaam is onderskeidelik die van my Franklin oupa en my ma se pa maar waar kom my tweede naam nl. Phillip vandaan? By navraag as jong man, het my ma altyd ontwykend geantwoord.

Die tweede belangrike navorsing les is om goeie notas te maak. Met die nagaan van my notas vind ek dat ek maande vantevore sonder sukses probeer kontak maak het met 'n Malan wie se oorlede pa se voornaam Philip was. Ek spoor toe die persoon se seun op en hy was bereid om sy DNS te laat toets. BINGO! - sy Y-DNS uitslae klop met myne en ek kon sodoende my biologiese vader identifiseer. Soos voorheen genoem was hy ongelukkig reeds oorlede. Ek het daarna ook met 'n verdere toets en die ontleding van militêre rekords my bevindinge bekragtig.

Die senario was kortliks: In Jan/Feb 1945 begin die WWII soldate terugkeer na hulle siviele poste en Philip is deur sy werkgewer na Windhoek, Namibia verplaas. Twee maande later besef my ma, 'n aantreklike 21-jarige meisie, dat sy swanger is. Sy trou 'n rukkie later met ene Franklin wat ook van die oorlog teruggekeer het. Ek is gebore in Oktober 1945 en my half-broer Franklin in 1947. My moeder is na 4 jaar geskei en Franklin het tot sy afsterwe in 1968 nooit besef dat ek nie sy eie kind was nie – hy het gedink ek was premature baba. My biologiese pa was ook nooit bewus van my nie en is in 1947 getroud. Hy is ongelukkig oorlede in 1986 voordat ek hom kon ontmoet.

So eindig die sage na baie ure van geduldige navorsing en vasberade opsporing via leidrade en DNS. Ek is gulhartig ontvang deur my Malan half-broer en -suster en die Malan Bond en ons het al hartlike Malan familie byeenkomste geniet. Ek wens nou net dat ek vir my ma 'n stywe drukkie kon gee want vir haar om so 'n las alleen te moes dra verg moed - "It takes two to tango!".

## **Wêreld Malans**

Met al die Malan DNS toetse reeds afgelê en die DNS kennis opgedoen het dit nou sin gemaak om my navorsing verder uit te brei.

Eerstens wou ek die genetiese Suid-Afrikaanse Malan Stamboom verder ontleed en op die "Human Paternal Tree of Mankind" plaas en tweedens koppel aan die Piedmont, Italië byeenkoms in 2000 om te kyk hoe skakel die Malans in die wêreld met mekaar.

In 2000 het oorlede Dr Hercules Malan, skrywer van die Malans van Suid Afrika, 2018 uitgawe, 'n baie suksesvolle Malan byeenkoms in Piedmont, Italië gereël en Malans van die verskillende dele van die wêreld was daarheen genooi.

Malan Y-DNS toetse het nou bekragtig dat die Merindol, Frankryk en Angrogna, Piedmont is dieselfde genetiese familie en dat die Suid Afrikaanse Malans is 'n verskillende genetiese familie groep.

Ons 2024 doelwit is om nou die Suid Afrikaanse voorgeslagte verder natevors en DNS toetse afte le indien ons van hulle vind.

# 5 : GENETIC MALAN SNP PATH/FOOT PRINT

16 Oct 2024

